# HOOFSTUK 1

# INLEIDING EN STUDIEMOTIVERING

## 1.1 INLEIDING

Wanneer ‘n leerder die ouderdom bereik om skool toe te gaan, bevind hy[1] homself in die ontwikkelingsfase waar hy daarna strewe om take suksesvol te bemeester en produkte te produseer. Erikson (in Meyer, Moore & Viljoen, 1997:229) verwys daarna as die arbeidsaamheid- teenoor die minderwaardigheid-stadium. Hy verduidelik dat die leerder in hierdie stadium ‘n sin vir arbeidsaamheid ontwikkel wanneer hy leer om die werktuie van sy kultuur suksesvol te hanteer (bv. lees, skryf en wiskundige vaardighede). Erikson waarsku egter dat die gevaar van hierdie stadium daarin lê dat leerders onsuksesvol kan wees in die aanleer van hierdie vaardighede en dat dit dan lei tot die ontwikkeling van ‘n gevoel van minderwaardigheid.

Die leerder wat dus probleme ervaar aan die begin van sy skooljare, se motivering tot bemeestering van take kan daaronder ly. Hy ervaar skool as onvervullend en verloor geloof in homself. Pretorius (1998:160) sluit hierby aan:

> “Die onder- of nie-presteerder neig om homself negatief te beskou; hy beskou homself as minder bevoeg om aan skooleise te voldoen, minder gretig om te leer…hy beleef ‘n gebrekkige gevoel van persoonlike waarde en van ‘n behorensgevoel; hy beleef gevoelens van ontoereikendheid en minderwaardigheid.”

Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die leerder wat akademiese probleme ervaar se selfbeeld – ‘n deel van sy selfkonsep - daaronder ly, aangesien volgehoue mislukking sy self-evaluasie beïnvloed. Coyle (in Gallico, Burns &

[1] Die navorser is wel deeglik bewus van geslagsgelykheid, maar gebruik die manlike vorm bloot gerieflikheidshalwe met die bedoeling dat dit beide geslagte insluit.

Grob, 1991:ix) meen dat die leergestremde leerder dikwels met ‘n komplekse verskeidenheid van verwante probleme presenteer wat sy selfkonsep kan affekteer. Dit blyk egter nie die einde van die probleem te wees nie aangesien ‘n swak selfkonsep weer verdere skoolprestasie kan beïnvloed. Jenkinson (1997:54) is van mening dat “…a negative self-concept may result from learning deficits, and it may in turn exacerbate deficits by leading to poor motivation and lack of confidence in one’s learning ability”. Hier word dit duidelik dat ‘n bose kringloop by die leergestremde leerder ontstaan.

‘n Debat kan hieruit ontstaan, nl. of die leerder ‘n negatiewe selfbeeld vorm omdat hy swak presteer, of dat hy swak presteer juis omdat hy homself negatief evalueer. Om hierdie argumente te beredeneer, is nie die doel of ‘n deel van hierdie navorsing nie. Tog is dit duidelik dat daar ‘n dinamiese interaksie tussen selfbeeld en skoolprestasie is, en dat dit van belang is om tussenbeide te tree en die leerder se selfbeeld te probeer verbeter.

## 1.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP

Die leergestremde leerder ly selde aan ‘n geïsoleerde probleem van swak skoolprestasie. Daar is eerder ‘n gekompliseerde interaksie tussen kognitiewe prestasie, gedrag, sosiale verhoudinge en negatiewe self-evaluasie. Daarom meen Coyle (in Gallico, *et al.*, 1991:ix) dat die effektiewe bestuur van die leergestremde leerder verskeie dissiplines kruis, insluitende opvoedkunde, sielkunde, psigiatrie en maatskaplike werk.

Uit ondervinding in die praktyk blyk dit dat die leergestremde leerder in Suid-Afrika hoofsaaklik ondersteuning vir sy kognitiewe vaardighede ontvang. Die opvoeder, arbeidsterapeut, spraakterapeut en remediërende opvoeder span saam om sy kognitiewe vaardighede te verbeter om sodoende sy akademiese prestasie te verhoog. Die sielkundige is dikwels net betrokke by die aanvanklike

evaluasie en diagnose van en aanbevelings aangaande die leerder, asook die monitering van sy gedrag. Sy emosionele behoeftes en sosiale vaardighede word dan op die agtergrond geskuif. Die rede hiervoor is tweeledig. Eerstens is die terapeut-leerder verhouding so hoog dat die terapeute nie tydsgewys daartoe instaat is om hieraan aandag te gee nie. Tweedens is skole nie vandag in die finansiële posisie om ekstra terapeute of maatskaplike werkers aan te stel wat net aan die emosionele behoeftes van die leerders kan aandag gee nie. Daarom word skoolprestasie dan as die prioriteit beskou wat aandag moet geniet.

Die leerder is ‘n holistiese entiteit wat meer is as die somtotaal van sy verskeie komponente. Aronstam (in Blom, 2004:10) benadruk dit deur te sê dat al kan mens onderskei tussen die komponente, kan dit nooit geskei word nie. Die leerder se skoolprestasie en selfbeeld bestaan dan ook nie in isolasie nie en beïnvloed mekaar wedersyds. Vanuit hierdie *Gestalt*perspektief kan daar nie net aan die leerder se skoolprestasie aandag geskenk word nie, maar moet daar na sy emosionele welstand ook omgesien word alvorens hy sy volle potensiaal kan bereik. Hierdie sienswyse vorm deel van die motivering vir die onderhawige studie.

‘n Verdere deel van die motivering tot die studie is die aanname dat ‘n positiewe selfbeeld die leerder motiveer om kanse te waag en uitdagings te aanvaar en sodoende akademies beter te vaar. Om ‘n positiewe selfbeeld te hê, behels om goeie gevoelens oor jouself te hê. ‘n Kind wat dus op so ‘n manier hanteer word dat dit vir hom voel hy is belangrik, dat sy denke en gevoelens gerespekteer word en dat mense vir hom omgee, sal positiewe gevoelens oor homself ervaar. Hierdie werkswyse kom voor in die *Gestalt*terapeutiese benadering. Blom (2004:5) verduidelik dat daar tydens *Gestalt*terapie met die ontwikkeling van ‘n terapeutiese verhouding en kontak, aan die leerder die geleentheid gegee word om sy sin van “self” verbaal en nie-verbaal te bevestig en homself emosioneel uit te druk. Deur bewustheid word die kind gelei om sy negatiewe einskappe te

aanvaar en word daar klem gelê op sy positiewe eienskappe ten einde selfregulering te verhoog.

Deur van die *Gestalt*terapeutiese benadering gebruik te maak, kan die leerder 'n balans tussen sy negatiewe en positiewe eienskappe vind. Die belewing van positiewe elemente van die self kan daartoe bydra dat die leerder se selfbeeld verhoog.

## 1.3 PROBLEEMFORMULERING

Die literatuur wys daarop dat leerprobleme 'n negatiewe invloed op die leerder se selfbeeld kan hê (vergelyk Coyle in Gallico *et al.*; 1991:ix, Jenkinson, 1997:54 & Pretorius, 1998:160). Vanuit praktykervaring blyk dit egter dat daar 'n groot leemte in die emosionele versorging van die leergestremde leerder is. Gallico *et al.*, (1991:3) sluit hierby aan en meen dat meer aandag gegee moet word aan die remediëring van akademiese probleme en dat leergestremde programme tradisioneel suksesvol is in hierdie area. Tog meen hy daar is tye wanneer die leerder se emosionele toestand meer aandag nodig het en in hierdie opsig is die *opvoeders* volgens hom dikwels onvoorbereid. Die kind as 'n holistiese entiteit kan nie sy volle potensiaal bereik as daar nie aan al sy dele aandag geskenk word nie. Daarom kan nie net kognitiewe vaardighede en skoolprestasie aandag geniet nie, maar moet sy emosionele welstand en dus sy selfbeeld ook aandag kry.

Hieruit kan die volgende navorsingsprobleem geformuleer word:

- ♦ die leergestremde leerder word blootgestel aan negatiewe self-evaluasie as gevolg van herhaalde akademiese mislukkings wat dikwels 'n verlaagde selfbeeld tot gevolg het.

Om hierdie probleem voldoende aan te spreek, moet daar aan die volgende doelstelling en doelwitte aandag geskenk word.

## 1.4 DOELSTELLING EN DOELWITTE

In die Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal (Odendaal, Schoonees, Swanepoel, du Toit & Booysen, 1991:161) word ‘n doel as volg gedefinieer: “Wat ‘n mens hoop, probeer om te bereik; iets waarna jy strewe; oogmerk.” Mouton en Marais (1992:44) meen dat ‘n navorsingsdoelstelling ‘n breë aanduiding is van wat met die navorsing bereik wil word.

### 1.4.1 Doelstelling van die navorsing

Daar is ‘n behoefte daaraan om die selfbeeld van die leergestremde leerder aan te spreek. Hierdie aspek van die leerder mag moontlik negatief beïnvloed word deur die probleme wat met leergestremdhede gepaard gaan en geniet dikwels nie die nodige aandag tydens die leerder se akademiese remediëring nie.

Die doel van die studie is om die effek wat *Gestalt*spelterapie op die selfbeeld van die leergestremde leerder het, te verken.

### 1.4.2 Doelwitte

Die volgende doelwitte word gestel ten einde die navorsingsdoelstelling te kan bereik:

- Om ‘n grondige literatuurstudie te doen rakende *selfbeeld* en *Gestalt*spelterapie om sodoende duidelikheid oor die teoretiese raakpunte van die onderskeie temas te kry.

- Om deur die toepassing van ‘n basislyn-meting voor en na die terapie, te bepaal of *Gestalt*spelterapie ‘n positiewe effek op die leerders se selfbeeld gehad het.
- Om die effek van *Gestalt*spelterapietegnieke op leergestremde leerders te verken en te beskryf.
- Om gevolgtrekkings en aanbevelings rakende die studie te beskryf vir benutting in die praktyk deur spelterapeute.

## 1.5 NAVORSINGSVRAAG

Met kwantitatiewe navorsing word die studie gebaseer op ‘n spesifieke hipotese of dan in hierdie geval ‘n spesifieke vraag wat volgens Fouchè (in de Vos, 2003:105) konstant bly regdeur die ondersoek. Vir hierdie navorsing sien die navorsingsvraag soos volg daarna uit:

- Kan *Gestalt*spelterapie ‘n positiewe effek hê op die selfbeeld van die leergestremde leerder?

## 1.6 NAVORSINGSTIPE

In hierdie studie word gebruik gemaak van toegepaste navorsing, aangesien die navorser teoretiese insigte in werklike situasies toepas. Die navorsing is uitgevoer om insig rakende ‘n fenomeen te verkry nl. die leergestremde leerder se selfbeeld en die versterking daarvan en is dit m.a.w. van ‘n verkennend aard. Delport en Fouchè (in de Vos, 2003: 357) meen dat ‘n verkennende studie aanleiding gee tot die ontwikkeling van nuwe konsepte en teorieë. Sulke bevindinge wat uit die verkennende studie spruit is aangedui in die navorsingsverslag.

## 1.7 NAVORSINGSBENADERING

Vir die doel van hierdie studie is primêr vanuit ‘n kwantitatiewe navorsingsbenadering gewerk. Met hierdie navorsingsbenadering is die hoofdoel om die wêreld objektief te meet, om stellings te toets en om menslike gedrag te voorspel en te beheer (Fouchè & Delport in de Vos, 2003:79). Daar word m.a.w. ondersoek ingestel na ‘n sosiale of menslike probleem.

Hierdie navorsing ondersoek die probleem van herhalende negatiewe selfevaluasie op die leergestremde leerder se selfbeeld. Die stelling dat *Gestalt*spelterapie ‘n effek daarop het, word ook getoets. Aangesien daar van toetsing en meting gebruik gemaak word, is die navorsing hoofsaaklik kwantitatief. Die data is egter deurlopend verryk met kwalitatiewe data wat voortgespruit het uit terapie met die leerders. Die kwantitatiewe navorsingsbenadering is dus die dominante benadering wat ondersteun word deur ‘n minder dominante benadering nl. die kwalitatiewe benadering (Creswell in de Vos, 2003: 366). Gevolglik kan die benadering tot navorsing getipeer word as ‘n dominant-minder-dominante benadering. Volgens hierdie navorsingsbenadering bied die navorser die studie in ‘n enkele, dominante paradigma aan met slegs ‘n enkele komponent van die studie wat uit ‘n alternatiewe paradigma verkry is. Hier is die dominante paradigma die kwantitatiewe navorsingsbenadering en die alternatiewe paradigma wat dit ondersteun, is die kwalitatiewe navorsingbenadering in die vorm van gevallestudies.

## 1.8 NAVORSINGSONTWERP

In hierdie studie is ondersoek ingestel na die effektiwiteit van *Gestalt*spelterapie op die leergestremde leerder se selfbeeld. Strydom (in de Vos, 2003:151) meen dat die ideale ontwerp vir hierdie tipe navorsing die enkelstelselontwerp is, wat sy

soos volg beskryf: "Single-system designs is a set of empirical procedures used to observe changes in an identified target that is measured repeatedly over time".

Om 'n beter begrip van die enkelstelselontwerp te verkry, is die volgende vereistes vir hierdie ontwerp bestudeer (Strydom in de Vos, 2003:152 – 153):

- Daar moet absolute duidelikheid wees by die navorser oor die probleem wat aangespreek word.
- Meervoudige metings word toegepas – beide voor en na die terapie, aangesien daar 'n vergelyking gemaak word tussen die bevindinge van die leerder se pre-terapeutiese en post-terapeutiese basislyne.
- 'n Basislyn word vasgestel, wat die beplande en sistematiese insameling van data rakende die probleem behels voordat die terapie toegepas word. Hierdie ingesamelde inligting word gebruik om die probleem aanvanklik mee te meet en dien as 'n basis vir vergelyking met data wat ingesamel is tydens die terapie.
- Die ontwerp bestaan uit fases, nl. die aanvanklike basislyn-fase wat gevolg word deur 'n terapie-fase. Daarna word die basislyn-fase weer toegepas en kan vergelykings gemaak word met die aanvanklike bevindinge.
- Om waardevolle data met die tweede basislyn in te samel, moet die terapeutiese program spesifiek en duidelik wees. Slegs dan kan daar bevind word of 'n spesifieke terapeutiese program 'n verandering in die probleem teweeggebring het.
- Die data-analise behels die vergelyking tussen die eerste en tweede basislyne.

Volgens Babbie en Mouton (2001:100) moet die navorser tesame met die verfyning van konsepte en metings, ook besluit *wie* bestudeer gaan word. Die universum en populasie behels hierdie *wie* wat bestudeer word. Arkava en Lane (Strydom & Venter in de Vos, 2003:198) maak 'n onderskeid tussen universum en populasie. Volgens hierdie skrywers verwys 'n universum na alle potensiële

persone wat oor eienskappe beskik waarin die navorser belangstel. Populasie weer is ‘n term wat grense stel op die navorsingseenhied. Babbie en Mouton (2001:100) sluit hierby aan en verduidelik dat die populasie vir die studie daardie groep mense is van wie daar ‘n gevolgtrekking gemaak gaan word. Vir hierdie studie is die *universum* leergestremde leerders. Die *populasie* bestaan uit Afrikaanssprekende leerders tussen die ouderdomme van 7 en 10 jaar in die laer- tot middelsosio-ekonomiese klas in ‘n skool vir gespesialiseerde onderwys.

‘n Navorser kan egter selde al die lede van ‘n populasie wat van belang is, bestudeer. Babbie en Mouton (2001;100) verduidelik dat om die bo-genoemde probleem op te los “we select a sample from among the data that might be collected and studied”. Soms is dit ook toepaslik om ‘n steekproef te kies op grond van die navorser se eie kennis van die populasie, die populasie se elemente en die aard van die navorsingsdoelwit (Babbie &Mouton, 2001:166). Die *steekproef* is getrek deur so ‘n doelbewuste seleksie van 10 leerders te maak wat deur hulle opvoeders en/of hulle ouers/voogde aangemeld is vir terapie rakende hulle selfbeeld.

Aanvanklik was beplan om van semi-gestruktureerde onderhoude voor en na terapie, en waarneming en deelnemende waarneming tydens terapie, gebruik te maak om inligting in te samel. Tydens die voorondersoek het dit egter geblyk dat die metode aangepas moet word vir die kwantitatiewe studie en is daar dus van vraelyste gebruik gemaak.

### 1.8.1 Vraelyste

Delport (in de Vos, 2003:172) verduidelik dat ‘n vraelys standpunte bevat waarop die respondent moet reageer: “The basic objective of such a questionnaire is to obtain facts and opinions about the phenomenon from people who are informed on the particular issue.” Daarom is besluit om hierdie vraelys aan die opvoeders van die leerders te gee aangesien hulle kennis oor die spesifieke onderwerpe

het, asook kennis van die leerders. Die leerders se ouers/voogde was nie by die navorsing betrek nie omdat daar nie sekerheid was oor hulle kennis rakende die onderwerp van selfbeeld en leergestremdheid nie.

Die vraelys wat gebruik is, is ‘n verwerking deur die navorser self (sien Hoofstuk 4) van Rosenberg se Selfbeeldvraelys (Rosenberg, 1989). Die vraelys maak gebruik van standpunte wat die respondent se houding of opinie meet. Delport (in de Vos, 2003:182) meen ook dat die standpunte alternatiewelik op ‘n positiewe en negatiewe manier uitgedruk behoort te word, wat dan ook met die Rosenberg-vraelys van toepassing is. Die respondent se mening word uitgedruk op ‘n driepunt-Likert skaal nl. “ja”, “soms” en “nee” (Babbie & Mouton, 2001:153).

Die opvoeders en leerders het die verwerkte Rosenberg-vraelys voltooi. In geval van die leerders is die vraelys met inagneming van hul leergestremdheid op ‘n grafiese metode m.b.v. “Talking-Mats” gedoen (sien hoofstuk 4). Beide opvoeders en leerders het na afloop van die terapeutiese program weer die vraelyste voltooi sodat daar vasgestel kon word of die program ‘n verandering teweeggebring het.

### 1.8.2 Opname van data tydens terapie

Daar is aanvanklik besluit om terapie met video-opnames vas te lê om te verseker dat data korrek weergegee word. Met in agneming van die kostes daaraan verbonde en die bekommernis dat dit te blootstellend vir die leerders mog wees, is bandopnames eerder gebruik. Die bandopnames was nodig om te verseker dat die beskrywing van die gevalle tydens die beskrywing van die empiriese navorsing in hoofstuk 4 korrek weergegee word.

## 1.9 UITVOERBAARHEID VAN DIE STUDIE

Die volgende was belangrike aspekte by die uitvoerbaarheid van die studie:

### 1.9.1 Toegang en respondente

Die navorser was ten tye van die navorsing betrokke by ‘n skool vir gespesialiseerde onderwys vir leergestremde leerders en het van haar gevallelading vir die studie gebruik.

### 1.9.2 Literatuurstudie

Volgens Mark (in Fouchè in de Vos 2003:119) moet die literatuurstudie die leser bekend maak met die bestaande kennis van die onderwerp. Vir die literatuurstudie is in-diepte beskrywings en verduidelikings oor die betrokke fenomeen en konsepte bekom uit verskeie boeke en navorsingsverslae. Die konsepte selfbeeld asook die *Gestalt*spelterapeutiese benadering is ondersoek en volledig beskryf om sodoende ‘n goeie begrip van die verband tussen hierdie konsep en benadering en die leergestremde leerder te verkry.

### 1.9.3 Struikelblokke in die studie

Die volgende struikelblokke in die uitvoerbaarheid van die studie is voorsien en die wyses waarop dit die hoof gebied is, word aangedui:

- Dat die leerders as gevolg van hul minderjarige status te jonk was om self toestemming te gee tot die studie. Hulle samewerking en motivering kon daardeur beïnvloed word. Om die struikelblok te oorkom is die toestemming van die ouers eers verkry waarna die toestemming van die leerders ook verkry is. Gevolglik het die leerders gewilliglik deelgeneem aan die studie.

- Dat die leergestremde leerder by tye moeilik kon wees om mee te werk as gevolg van ander stremmende toestande wat gepaard gaan met leergestremdheid soos byvoorbeeld aandagtekort of hiperaktiwiteit. Die terapiesessies se tydsduur is gevolglik beperk tot slegs ‘n halfuur om bogenoemde in ag te neem.
- Dat die leergestremde leerder se selfbeeld nie net deur sy akademiese prestasie beïnvloed word nie, maar dat probleme tuis ook ‘n invloed daarop mag hê. *Gestalt*spelterapie as holistiese benadering fokus tog op dit wat op die leerder se voorgrond is en as laasgenoemde wel ‘n faktor was, sou dit in terapie hanteer word. Die algehele invloed van hierdie faktor word egter nie in die navorsing ondersoek nie.

## 1.10 PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF VAN DIE NAVORSER

Die leerder is ‘n beïnvloedbare, afhanklike organisme en dit is die volwassene se verantwoordelikheid om hom te lei na optimale funksionering. Verder is die leerder ‘n holistiese entiteit waarvan die somtotaal meer is as die onderskeie dele. Wanneer ‘n denkwyse onderlê word deur hierdie *Gestalt*perspektief, kan die leerder nie in afsondering beskou of hanteer word nie, maar moet daar aan al sy onderlinge dele aandag gegee word. Daar word dus met die kind se hele omgewing gewerk, nl. sy gesin, opvoeders, vriende en ervarings.

## 1.11 ETIESE ASPEKTE

Wanneer sosiale navorsing onderneem word, kom sekere etiese sake op die voorgrond aangesien mense die objek van die studie is (Strydom in de Vos, 2003:62). Zaaiman (2003:67) verduidelik dat sosiale navorsing inbreuk maak op mense se private lewens aangesien dit tyd en persoonlike inligting vereis. Daar

moet seker gemaak word dat die studie nie die deelnemende persoon emosionele of fisiese skade berokken nie.

Die volgende etiese kwessies word deur verskeie outeurs uitgewys (Babbie *et al.*,2001:520-526; De Vos, 2003:62-70 & Zaaiman, 2003:67-69):

1.11.1 Ingeligte toestemming

Toestemming is verkry van die ouers/voogde van die leerders voordat hulle by die navorsing betrek is. Met ingeligte toestemming word bedoel dat die ouers/voogde breedvoerig ingelig is oor wat die navorsing en die leerder se deelname alles behels. Die ouers is ingelig in die vorm van ‘n brief wat deur die skoolhoof goedgekeur is (sien Bylae A). Hulle het ook die geleentheid gehad om vrae te vra en bekommernisse te stel. Verder is toestemming van die Departement van Onderwys verkry om die navorsing by die betrokke skool uit te voer (sien Bylae B).

1.11.2 Vrywillige deelname

Die navorsing is met die leerders ook bespreek en hul toestemming tot deelname is verkry. Om ‘n kind sonder sy medewete by navorsing te betrek, is oneties en ‘n oorskryding van die kind se regte. As dit teen sy sin geskied mag dit die kind se samewerking en motivering beïnvloed.

Daar is ook aan die leerders en hul ouers/voogde duidelik gemaak dat vrywillige deelname beteken dat hulle enige tyd kan onttrek van die studie indien die behoefte ontstaan.

### 1.11.3 Geen nadeel vir deelnemers

Terapie is tydens skooltyd in die periode wat opsygesit is vir individuele terapie gedoen, sodat die leerders nie skoolwerk misgeloop het nie. Die terapie was van terapeutiese waarde vir die leerders, nl. die versterking van hul selfbeeld. Indien enige emosionele kwessies op die voorgrond sou kom, sou die terapeut oor die kennis en vaardighede beskik om dit te hanteer.

### 1.11.4 Anonimiteit en vertroulikheid

Die deelnemers het die reg om anoniem te bly en so hulle privaatheid en belange te beskerm. Om dit te verseker, is in die verslag van die eerste letters van die leerders se naam en van gebruik gemaak. Alle inligting wat bekom is, is vertroulik hanteer en dus aan geen ongemagtige persone gewys nie.

### 1.11.5 Verslagdoening

Daar is gebruik gemaak van bandopnames om te verseker dat inligting nie verlore raak nie en om te verseker dat alle informasie en bevindinge korrek weergegee word. In die navorsingsverslag is die leerders se identiteit beskerm deur slegs na die eerste letters van hulle naam en van te verwys. Die verslag sal slegs vir akademiese doeleindes gebruik word.

## 1.12 DEFINISIES VAN DIE HOOFKONSEPTE

### 1.12.1 *Gestalt*benadering

Die woord *Gestalt* is Duits en het nie ‘n direkte vertaling in Afrikaans nie, daarom dat die Duitse woord gebruik word. *Gestalt* het meerdere definisies en is eerder ‘n konsep wat begryp moet word. Blom (2004:3) beskryf dit as “...’n entiteit of ‘n

geheel, waarvan die totaal meer is as sy onderskeie dele, met ‘n sekere graad van struktuur en wat herkenbaar bly as ‘n geheel vir solank as wat die verhouding tussen die dele voortbestaan”.

*Gestalt* kan verduidelik word aan die hand van ‘n gesin as metafoor. Die gesin is die geheel, maar bestaan uit verskeie individue wat afsonderlik funksioneer en verskillende idees en persepsies het. Mens kan elkeen individueel bestudeer sonder die ander gesinslede, maar as die gesinsfunksionering ondersoek word, moet jy al die dele in die geheel bestudeer, die gesin as sodanig. Die somtotaal is dan meer as die onderskeie dele.

Die bestudering van alle dele van die geheel en die integrasie van die dele is dan ook die doel van die *Gestalt*benadering. Clarkson (1989:1) verduidelik dat die *Gestalt*benadering se doelstelling die integrasie van die onderskeie dele is “In this way people can let themselves become totally what they already are, *and* what they potentially can become”. Hierdie integrasie vind plaas deur middel van bewustheid. Deur die persoon bewus te maak van al sy onderskeie dele – goed en sleg – lei die terapeut hom na integrasie tot ‘n geheel, die voltooiing van sy *Gestalt*.

### 1.12.2 Spelterapie

Spelterapie is ‘n terapeutiese metode waar daar deur middel van mediums met die kind gewerk word. Mediums sluit in handpoppe, sandbakke, teken, verf, en fantasie-kostuums. Terapie geskied deur spel, of anders gestel, deur die kind te laat speel met ‘n medium. Die kind verken sy wêreld deur te speel en leer so van die verskillende aspekte van sy lewe. Blom (2004:5) verduidelik spelterapie as ‘n psigoterapeutiese tegniek waardeur die terapeut probeer om aan die kind die geleentheid te gee om verbaal en nie-verbaal aan sy gevoelens uitdrukking te gee. Daar word aanvaar dat die kind sy probleme op ‘n simboliese manier sal uitspeel en sy gevoelens sal leer ken en leer om dit meer effektief te hanteer.

In *Gestalt*spelterapie word die beginsels en tegnieke van die *Gestalt*benadering in spelterapie met die kind toegepas. Tydens die spel lei die terapeut die kind na ‘n bewustheid van sy onderskeie dele en die uiteindelike integrasie tot ‘n geheel.

1.12.3 Selfbeeld

Selfbeeld kan beskryf word as die gevoelens, hetsy positief of negatief, wat die mens oor homself het. Selfbeeld behels hoe waardevol ‘n persoon homself sien en die vertroue wat hy in homself het (Eysenck, 2002:285). Baron en Byrne (2000:169) beskryf die selfbeeld as die self-evaluasie wat deur die individu self gemaak word. Hulle meen dat self-evaluasies gedeeltelik gebaseer word op die opinies van ander en op sekere ervarings in die lewe. Die mens se selfbeeld is dus nie konstant nie, maar kan wel verander soos hy nuwe self-evaluasies maak.

1.12.4 Leergestremdheid

Uit die literatuur word dit duidelik dat leergestremdheid moeilik is om te definieer. Histories is dit gesien as ‘n “onverwagte” onderprestering. Die primêre benadering tot die identifisering van leergestremdheid was ‘n vergelyking van intelligensie en prestasie, asook die uitsluiting van ander oorsake wat verwag kon word om onderprestasie te veroorsaak (Fletcher, Morris & Lyon, 2002:30). ‘n Aansienlike verskil tussen intelligensie en prestasie het dan onderprestasie beteken.

Tog wil dit voorkom of die definisie meerendeels dieselfde gebly het oor tyd. Wenar en Kerig (2000:132) vermeld die definisie vir leergestremdheid van die *National Joint Commitee on Learning Disabilities* (NJCLD) soos volg: “a heterogeneous group of disorders manifested by significant difficulty in the acquisition and use of listening, speaking, reading, writing, reasoning or mathematical abilities.” Die NJCLD meen egter dat dit gepaard kan gaan met

ander stremmende toestande, nl. sensoriese probleme, emosionele versteurings, kulturele verskille of ontoereikende instruksie, maar noem dat leergestremdheid nie ontstaan as gevolg van hierdie toestande nie.

In die *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders* (DSM-IV) (in Wenar en Kening, 2000:132) is daar nie ‘n definisie vir leergestremdheid as sodanig nie, maar word dit gediagnoseer aan die hand van drie soortgelyke versteurings. Hierdie versteurings is ten opsigte van lees, wiskundige berekeninge en geskrewe uitdrukking. Die diagnostiese kriteria vir al drie is min of meer dieselfde. Die hoofkriterium lui dat prestasie, soos gemeet deur ‘n gestandaardiseerde toets, baie laer moet wees as die verwagte prestasie, gegewe ‘n persoon se kronologiese ouderdom, gemete intelligensie en ouderdomstoepaslike opvoeding. Die versteuring moet ook ‘n merkwaardige invloed op die persoon se akademiese prestasie hê. Kranowitz (1998:20) sluit hierby aan en verduidelik leergestremdheid as ‘n versteuring in een of meer van die basiese fisiologiese prosesse wat betrokke is by begrip van taal, gesproke of geskrewe, en wat manifisteer in die onvolmaakte vaardigheid om te luister, lees, praat, skryf, spel of wiskundige berekeninge te doen.

In samevatting kan gesê word dat ‘n leerder met leergestremdheid onderpresteer in lees, geskrewe uitdrukking en wiskundige prestasie. Daar moet ‘n verskil wees tussen sy verwagte prestasie en sy kronologiese ouderdom, gemete intelligensie en ouderdomstoepaslike opvoeding. Verder moet dit ‘n negatiewe invloed hê op sy akademiese vordering. Daar mag ook ander stremmende toestande wees wat die leergestremdheid verder kan beïnvloed.

## 1.13. NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsingsverslag bestaan uit drie komponente. Die eerste komponent bevat hoofstuk een wat handel oor die motivering tot die navorsingstudie. In die

tweede komponent, wat strek oor hoofstukke twee en drie, is daar 'n breedvoerige literatuurstudie wat die nodige agtergrondkennis oor die belangrikste aspekte van *Gestalt*spelterapie weergee. Die laaste komponent handel oor die uitvoer van die studie. In hoofstuk vier word die navorsing bestudeer en beskryf en in hoofstuk vyf word die eindresultate bespreek. Die verslag sien soos volg daar uit:

Hoofstuk 1: Inleiding en studiemotivering.

Hoofstuk 2: Die selfbeeld van die leergestremde leerder.

Hoofstuk 3: *Gestalt*benadering en *Gestalt*spelterapie

Hoofstuk 4: Beskrywing van empiriese navorsing.

Hoofstuk 5: Gevolgtrekking en aanbeveling.

## 1.14. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die motivering vir die studie en die probleem wat ondersoek is, bespreek. Uit die literatuur blyk dit dat die jong leerder wat akademiese probleme ervaar se motivering en waagmoed dikwels daaronder ly. Die leerder maak verder negatiewe self-evaluasies wat sy selfbeeld kan beïnvloed. Tog ontvang hierdie leerder dikwels slegs hulp t.o.v. sy akademiese prestasie en word sy emosionele belewenis en welstand op die agtergrond geskuif. Met die navorsing is gepoog om die effek wat *Gestalt*spelterapie op die selfbeeld van die leergestremde leerder het, vas te stel. Die navorsingsbenadering is verder uiteengesit, asook die doelwitte wat die studie onderlê.

Hiermee word die inleidende komponent afgesluit. In komponent twee, hoofstuk twee, word die kompleksitieit van die vorming van die selfbeeld beskryf.